# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



# 2026 | Die Groot Migrasie – Serengeti & Verder

02 – 10 Augustus 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: "Leef Jou Reis" is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot 'n toeris is nie maar 'n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van 'n reis familie.

Ons is die "cool kids" van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



# ’n Avontuur vol asemrowende uitsigte, ikoniese natuurwonders en onvergeetlike ontmoetings met die Groot Migrasie.



Hier begin jou avontuur na een van Afrika se mees asemrowende natuurwonders – die Groot Migrasie deur die Serengeti en verder – waar jy die hartklop van Afrika onder jou voete kan voel en van die mees buitengewone natuurervarings op aarde gaan beleef.

Reis oor die uitgestrekte vlaktes van die Serengeti tot binne die ikoniese Ngorongoro-krater, waar reuse-kuddes wildebeeste, sebras en ander wild met die seisoene saam beweeg in ’n merkwaardige vertoning van moedernatuur in haar mees ongetemde vorm. Van die groen hooglande van Karatu tot by die uitgestrekte savanne, ervaar jy onvergeetlike uitsigte en stille oomblikke wat net die Afrika-bosveld kan bied. Of jy nou ’n fotograaf, ’n natuurliefhebber of eenvoudig nuuskierig oor die wêreld is, die Groot Migrasie is iets wat jy ten minste een keer in jou lewe moet beleef.



## DAG 1: 02 Augustus 2026

### Johannesburg

Vandag begin jou avontuur na die hart van Afrika! Ons ontmoet mekaar vroegoggend by O.R. Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg vir ons vlug Kilimanjaro Internasionale Lughawe (JRO) toe. By aankoms in Kilimanjaro word ons deur ons gids verwelkom en na ons tuiste vir die aand geneem. Ons geniet ‘n gesellige aandete saam en daarna ontspan ons vir die avontuur wat op ons wag.

**Oornag: Airport Planet Lodge (Alle etes aan boord & aandete)**

# DAG 2: 03 Augustus 2026

## Karatu

Na 'n rustige ontbyt, vertrek ons weswaarts na Arusha, die beginpunt van elke groot safari-avontuur. Die pad neem ons deur klein dorpe en plaaslike markte, waar die daaglikse lewe kleurvol ontvou. Ons reis verder suidwes, met panoramiese uitsigte oor Mount Meru en die uitgestrekte vlaktes wat stadig oorgaan na die hooglande van Karatu. Onderweg na ons oornag stop vir vanaand en môre aand sien ons landbou-gebiede, koffieplase en die digte groen van die Manyara-streek.

Ons arriveer vanmiddag by die Ngorongoro Farmhouse - 'n pragtige lodge wat op 'n werkende koffieplantasie van 500 akker geleë is. Hier kan jy 'n tradisionele Tanzaniese aandete geniet, voorberei met vars, organiese produkte wat op die perseel gekweek word, terwyl die magtige Oldeani-vulkaan rustig in die agtergrond sluimer.

**Oornag: Ngorongoro Farm House (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

# DAG 3: 04 Augustus 2026

## Ngorongoro-krater

Vandag vertrek ons na die pragtige Ngorongoro-krater. Hierdie natuurwonder, ongeveer 3 miljoen jaar oud, lê gesetel in 'n uitgedoofde vulkaan en is een van die mooiste natuur- en wildleweparadysse op aarde. Die golwende heuwels en steil kraterwande vorm 'n dramatiese agtergrond vir die ongelooflike ryk ekostelsel wat op jou wag.



Spandeer die dag op 'n begeleide wildbesigtigingsrit in die krater en beleef 'n verstommende verskeidenheid wild in hul natuurlike habitat.

**Oornag: Ngorongoro Farm House (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

# DAG 4: 05 Augustus 2026

## Sentraal-Serengeti Nasionale Park

Reis verder na die hart van die Serengeti en arriveer in die Seronera-gebied, waar wild vrylik oor die eindelose savanne beweeg. Hier ervaar jy die Groot Migrasie – 'n epiese trek van miljoene wildebeeste, sebras en ander diere wat oor meer as 1 800 kilometer van die Serengeti in Tanzanië tot by die Maasai Mara in Kenia strek.

Hierdie buitengewone natuurverskynsel bring die uitgestrekte vlaktes, rivieroorsteekplekke en grasvelde tot lewe met 'n jaarlikse vertoning van oorlewing en volharding. Onderweg stop ons ook by die indrukwekkende Olduvai-kloof, een van die belangrikste paleo-antropologiese terreine ter wêreld, waar ons die oorsprong van die mensdom opspoor en 'n fassinerende blik kry op die vroeë geskiedenis van die aarde. Teen laatmiddag arriveer jy by Kenzan Central Tented Camp – 'n egte safari-ervaring wat gemak en die gevoel van die wildernis perfek balanseer. Ontspan rondom die kampvuur onder die sterreprag van die Afrika-nag.

**Oornag: Kenzan Central Tented Camp (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

## DAG 5: 06 Augustus 2026

### Sentraal-Serengeti Nasionale Park

Vandag wag daar 'n volle dag se verkenning binne-in een van Afrika se bekendste wildreservate - die Serengeti Nasionale Park.





Hierdie wêreldbekende park, wat oor sowat 14 750 km² strek, is nie net 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied nie, maar ook die toneel van die grootste landdiertrek op aarde: die Groot Migrasie.

Die Sentraal-Serengeti, spesifiek die Seronera-gebied, is besonders ryk aan wild en bekend vir sy gesonde leeubevolking. Die jaarlikse migrasie wat deurbeweeg lok dikwels groot getalle prooi – en gevolglik ook jagters. Op jou begeleide wildbesigtigingsritte deur hierdie uiteenlopende landskap van oop grasvlaktes, akasiabome en rotse (soos die bekende "kopjes"), is dit nie ongewoon om olifante, buffels en hiënas raak te loop nie. Die gebied huisves meer as 500 voëlspesies en ongeveer 70 soorte groot soogdiere. Teen laatmiddag keer jy terug na Kenzan Central Tented Camp. Hier kan jy onder die sterre ontspan, na die geluide van die veld luister en die stories van die dag herleef.

**Oornag: Kenzan Central Tented Camp (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

## DAG 6: 07 Augustus 2026

### Noordelike Serengeti Nasionale Park

Vandag arriveer ons in die noordelike Kogatende-gebied, waar die Serengeti sy mees indrukwekkende landskapskilderye ten toon stel. Om hierdie Groot Migrasie te aanskou, is 'n seldsame en ontsagwekkende ervaring wat nie vir almal beskore is nie.

Geniet 'n volle dag se wildbesigtiging langs die Mara-rivier, waar die dramatiese oorgang van die migrerende troppe ontvou. Hierdie natuurskou betower jaarliks duisende besoekers van regoor die wêreld.

Oornag by Kenzan Migration Camp, waar jy kan ontspan en die magiese atmosfeer van die Serengeti in jou opneem.

**Oornag: Kenzan Migration Camp (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

## DAG 7: 08 Augustus 2026

### Noordelike Serengeti Nasionale Park

Vandag verken ons die noordelike gedeelte van die Serengeti verder – 'n minder besoekte deel van die park, bekend vir sy skouspelagtige natuurskoon en ryk wildlewe. In hierdie deel van die Serengeti ontvou die kern van die Groot Migrasie, waar wildebeeste en sebras die Mara-rivier oorsteek onder die wakende oë van roofdiere.

Sluit die dag af met 'n sonsondergangdrankie onder die uitgestrekte Afrika-lug. Kyk hoe die horison vuurrooi en goudkleurig word terwyl die veld rustig raak, 'n perfekte oomblik van kalmte en verwondering in die siel van Afrika.

**Oornag: Kenzan Migration Camp (Ontbyt, Middagete & Aandete)**



**Diegene wat lus is vir 'n opsionele uitstappie, oorweeg gerus 'n warmlugballonvaart oor die Serengeti:**

Sweef hoog bo die savanne in 'n warmlugballon en geniet asemrowende uitsigte soos die son oor die horison opkom. Hierdie avontuur bied 'n ongeëwenaarde ervaring van die eindelose Serengeti-grasvlaktes en eindig met 'n glas sjampanje en ontbyt in die bos - 'n onthou oomblik soos min.

Aangesien ons baie vroeg in die oggend vertrek, kan jy dalk selfs glimpe kry van nagtelike roofdiere wat gereed maak om in te sluimer vir die dag. **Let wel: Die warmlugballon ekskursie is 'n opsionele ekstra. Hierdie opsionele uitstappie kan op enige van die oggende tussen Dag 7 en Dag 8 gereël word, afhangend van die weer en beskikbaarheid.**



## DAG 8: 09 Augustus 2026

### Noordelike Serengeti Nasionale Park

Geniet jou laaste volle dag in die Serengeti met nog begeleide wildritte en besondere ontmoetings met die plaaslike fauna en flora. Tydens die middagstop is daar ruimte om stil te word en die natuur se prag te waardeer. Sluit die dag en jou ongelooflike reis af met 'n spesiale aandete in die bos, onder die helder sterrehemel — 'n gepaste afsluiting van jou tyd op safari.

**Oornag: Kenzan Migration Camp (Ontbyt, Middagete & Aandete)**

## DAG 9: 10 Augustus 2026

### Terug na Johannesburg

Na 'n rustige ontbyt boek ons uit en reis na die Kogatende-lugstrook vir 'n kort vlug na Arusha. Van daar word jy na Kilimanjaro Internasionale Lughawe geneem vir jou vlug terug Suid Afrika toe. Hier neem ons afskeid van nuwe vriende en neem kosbare herinneringe van die Serengeti saam huis toe.

**Ete: Ontbyt**

**As jy daarvan droom om die wêreld se indrukwekkendste natuurlike skouspel van naby te beleef, is *Die Groot Migrasie: Serengeti & Verder* jou kans. Reis saam met Leef Jou Reis en beleef 'n natuurwonder wat jou lank ná die laaste dag sal bybly.**

## Pakket Sluit In

- 8 nagte luukse verblyf in 'n kombinasie van tentekamp en plaashuis verblyf
- Alle etes soos gespesifiseer in die brosjure (middagete is meestal in die vorm van 'n sorgvuldig saamgestelde middagete-pakkie)
- Lughawevervoer (indien groepsvlugte gebruik word)
- Wildritte in die Serengeti en Ngorongoro-krater in 4x4- Safari Voertuie
- Professionele safari-gidse
- Fooitjies
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer
- Parkfooie en bewaringheffings
- Plaaslike vlugte met Auric Air
- Belasting en BTW

## Pakket Sluit Uit

- Retoer internasionale vlugte uit Suid Afrika na Tanzanië
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Visumaansoek
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies
- Regeringsgedwonge belasting-/fooi-stygings





## Dinge Om te Onthou

- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (10 Februarie 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele redes aangepas word.
- Die program sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere in, soos in die brosjure uiteengesit.

**Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!**



## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Serengeti-toer te verseker:

STAP 1
As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2
Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3
Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R15,000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R20,000 is teen 28 Februarie 2026 betaalbaar. 'n Derde betaling van nog R20,000 is betaalbaar teen 30 April 2026 en die totale uitstaande bedrag is teen 30 Junie 2026 betaalbaar.
- Die wisselkoers is gebasseer op USD$1 = R20.00, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille gedurende betalings na die buiteland kan dek.
- Pryse is gebaseer op EFT betalings.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: SEREN26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

**$3,995.00 Per persoon wat deel* | $4,295.00 Per enkel persoon***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende

@GerrieOfficial

@Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius


Managed by **Travel With Flair**

At your service!

www.twf.travel | 0861 777 747